

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 11

NOVEMBER 2020

**BESIGHEIDSTUDIES V2
(EKSEMPLAAR)**

PUNTE : 150

TYD : 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE van die hoofonderwerpe.

AFDELING A: VERPLIGTEND

AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae.

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.

AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae.

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

Let wel dat SLEGS die eerste TWEE vrae in AFDELING B en die EERSTE vraag in AFDELING C nagesien sal word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.
4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.
5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.
6. Gebruik die tabel hieronder as 'n gids vir punte- en tydstoekenning wanneer elke vraag beantwoord word.

AFDELING	VRAAG	PUNTE	TYD (minute)
A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND	1	30	20
B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae KEUSE: (Beantwoord enige TWEE.)	2	40	35
	3	40	35
	4	40	35
C: TWEE opsteltipe vrae KEUSE: (Beantwoord enige EEN.)	5	40	30
	6	40	30
TOTAAL		150	120

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n nuwe bladsy, bv. VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy.
8. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.6 D.

1.1.1 Die geouditeerde finansiële state van ... moet aan al die aandeelhouders en die publiek beskikbaar gestel word.

- A Tlali se Athletiese Gimnasium BK
- B JJ Enterprise (Edms) Bpk.
- C Vuma en Zonke Handelaars
- D King Visserye Bpk.

1.1.2 Effektiewe terugvoering is wanneer die aanbieder ...

- A vrae na 'n aanbieding beantwoord.
- B pamflette uitdeel.
- C onbekwaam is om moeilike lede van die gehoor te hanteer.
- D visuele hulpmiddels in die verbale aanbieding insluit.

1.1.3 Weza Gesondheid MSB verskaf gesondheidsdienste soos primêre gesondheidsorg. Hierdie maatskappy is 'n voorbeeld van 'n ...

- A eenmansaak.
- B privaat maatskappy.
- C staatsbeheerde maatskappy.
- D publieke maatskappy.

1.1.4 Gideon glo daarin om dinge anders te doen om mededingend te bly. Hy pas ... denke toe om nuwe idees te genereer.

- A roetine
- B kreatiewe
- C konvensionale
- D induktiewe

1.1.5 John P Kotter se agt-stap stelsel om verandering te bestuur word gebruik om ...

- A probleem oplossing te skep.
- B 'n gevoel van dringendheid te vestig.
- C 'n winsgewende besigheid te vestig.
- D 'n gekose strategie te implementeer.

(5 x 2) (10)

- 1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

besluitneming; aflegging; onbeperkte; aksieplan; goeie; beperkte; probleemoplossing; regstellende aksie; swak; besigheidsplan

- 1.2.1 Die stap in die beplanningsproses wat die uitvoering van die plan behels, staan as 'n ... bekend.
- 1.2.2 Die ... aanspreeklikheidsklousule verduidelik hoe eienaars slegs kan verloor wat hulle in die besigheid belê het.
- 1.2.3 Global Airways verskaf geleenthede vir voorheen benadeelde mense. Hierdie veranderingsbestuur staan as ... bekend.
- 1.2.4 'n ... besluit stem ooreen met voldoende inligting wat strook met die maatskappy se waardes en etiese beginsels.
- 1.2.5 Die proses om 'n situasie te ontleed om sodoende strategieë te identifiseer wat gebruik kan word om die situasie te verander, staan as ... bekend.

(5 x 2) (10)

- 1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 K.

KOLOM A	KOLOM B
1.3.1 Gantt-grafiek	A skielike en potensiele ramspoedige gebeure
1.3.2 Huurkontrak	B tegniek waar werknemers versoek word om baie idees in stilte op hul eie te genereer
1.3.3 Akte van oprigting	C meningsverskil tussen twee of meer mense
1.3.4 Kragveld-ontleding	D dokument wat voltooi en geteken word wanneer versoek word om 'n maatskappy te stig
1.3.5 Krisis	E betaling gemaak aan konsessiegewer deur die konsessiehouer gebaseer op die omset
	F groot gebonde rolpapier en elke bladsy kan omgeblaai word aan die bokant
	G betaling vir die gebruik van 'n bate eerder as om dit te koop
	H beplanningsinstrument wat datums, duur en volgorde aandui
	I tegniek vir die lys en assessering van kragte vir en teen 'n voorgestelde verandering
	J dokument wat die regte, pligte en verantwoordelikhede van aandeelhouders, direkteure ens. insluit

(5 x 2) (10)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan.
Die antwoord op ELKE vraag moet boaan 'n NUWE bladsy begin,
bv. VRAAG 2 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 3 op 'n NUWE bladsy.

VRAAG 2: BESIGHEIDSGELEENTHEDE

- 2.1 Noem DRIE bronne van finansiering. (3)
- 2.2 Beskryf kortliks DRIE stappe om te volg wanneer 'n aksieplan opgetrek word. (6)
- 2.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

KAMELISA GEÏNKORPOREER (KG)

Kamelisa Geïnk. benodig groot hoeveelhede kapitaal vir uitbreiding van hul besigheid. KG het besluit om die huidige besigheid na 'n ander tipe maatskappy te verander, sodat hulle aandele op die JEB aan die publiek kan verkoop.

- 2.3.1 Identificeer die ondernemingsvorme wat Kamelisa Geïnkorporeer was voordat hulle verander het na 'n ander tipe maatskappy. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (3)
- 2.3.2 Noem die ondernemingsvorm waarna KG toe wil verander. (2)
- 2.3.3 Onderskei tussen die ondernemingsvorme geïdentifiseer in VRAAG 2.3.1 en 2.3.2 onderskeidelik. (8)
- 2.4 Bespreek die redes hoekom entrepreneurs mag besluit om 'n bestaande besigheid te koop. (6)

2.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

SINDY PASTEI EN BURGERS (SPB)

Sindy verkoop tuisgemaakte pasteie en burgers. Sy het navorsing gedoen oor kliëntediens as 'n dryfkrag en het geleer deur kostes te sny kan sy haar wins vermeerder tot die maksimum.

2.5.1 Noem TWEE faktore van die scenario hierbo wat Sindy oorweeg het voor die begin van SPB. (2)

2.5.2 Stel EEN moontlike verbetering voor van ELKE faktor genoem in VRAAG 2.5.1. (2)

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 2.5 te beantwoord.

FAKTORE 2.5.1	VERBETERINGE 2.5.2
1.	1.
2.	2.

2.6 Beveel faktore aan wat die aanbieder moet oorweeg ter voorbereiding van 'n aanbieding. (8)
[40]

VRAAG 3: BESIGHEIDSROLLE

3.1 Noem VIER oorsake van konflik in die werkplek. (4)

3.2 Beskryf kortliks TWEE eksterne oorsake van verandering in die werkplek. (4)

3.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

KHAYA BESIGHEIDSKONSULTANTE (KB)

Khaya Besigheidskonsultante is 'n diensonderneming wat advies vir klein opkomende besighede bied. Gedurende die vergaderingsessies bevraagteken die spanlede mekaar se idees en menings.

3.3.1 Identifiseer die stadium van spanontwikkeling wat op die scenario hierbo van toepassing is. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (3)

3.3.2 Verduidelik TWEE ander stadiums van spanontwikkeling. (8)

3.4 Verduidelik die voordele om probleme saam met ander op te los. (4)

- 3.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

MIKE KONSTRUKSIE (MK)

Mike Konstruksie moet 'n nuwe biblioteek in 'n klein landelike dorpie bou. Die geïdentifiseerde area is 'n groot probleem vir die dorpsgemeenskap. Die raad van direkteure het besluit om kundiges uit te nooi om die uitdaging aan te spreek.

- 3.5.1 Identifiseer die probleemoplossingstegniek gebruik deur Mike Konstruksie. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (3)
- 3.5.2 Verduidelik die betekenis van die probleemoplossingstegniek geïdentifiseer in VRAAG 3.5.1. (6)
- 3.6 Beveel maniere aan waarop professionele, verantwoordelike, etiese en effektiewe besigheidspraktyke uitgevoer moet word. (8)

[40]

VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE

BESIGHEIDSGELEENTHEDE

- 4.1 Gee DRIE voorbeelde van nie-verbale aanbiedings. (3)
- 4.2. Beskryf kortliks die aspekte wat in 'n prospektus ingesluit moet word. (8)
- 4.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

KUNDIGE MEUBELDIENSTE (KM)

Kundige Meubeldienste verkoop hoë kwaliteit meubels en kombuis-eenhede in Qumbu. Die vervoer van meubels na die nabygeleë dorpie is aan Dlamini Afleweringsdienste gegee.

- 4.3.1 Identifiseer die manier om 'n besigheid te verkry soos in die scenario hierbo voorgestel. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (3)
- 4.3.2 Bespreek die voordele van die manier om 'n besigheid te verkry wat in VRAAG 4.3.1 geïdentifiseer is. (8)

BESIGHEIDSROLLE

4.4 Gee DRIE voorbeelde van etiese besigheidspraktyke. (3)

4.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Jabu, 'n apteker, het onlangs sy apteek oopgemaak en sy verwagtinge vir sukses is om sy besigheid se etiese gedragkode na te kom. Jabu moet binne die wette handel wanneer medisyne uitgereik word, beskerming van vertroulike kliënte inligting en hulpbronne verantwoordelik gebruik met inagneming van die omgewing.

4.5.1 Noem DRIE beginsels van professionalisme in die scenario hierbo. (3)

4.5.2 Onderskei tussen *professionalisme* en *etiek*. (4)

4.6 Beveel maniere aan hoe besighede veranderinge in die werkplek kan hanteer. (8)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

Beantwoord enige EEN vraag in hierdie afdeling.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet boaan 'n nuwe bladsy begin, bv. VRAAG 5 op 'n NUWE bladsy of VRAAG 6 op 'n NUWE bladsy.

VRAAG 5: BESIGHEIDSGELEENTHEDE (MANIERE OM 'N BESIGHEID TE VERKRY EN AANBIEDINGS)

Phumlo, HUB van African Business Corporation het 'n aanbieding gemaak geondersteun deur visuele hulpmiddels oor hoe om 'n konsessie (franchise) te koop en die kontraktuele verpligtinge daarvan. Na afloop van sy aanbieding, moet hy 'n verslag oor die uitkoms en sukses aan die raad van direkteure skryf.

Skryf 'n opstel waarin jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die kontraktuele implikasies van 'n konsessie-besigheid.
- Verduidelik die voordele en nadele van die verkryging van 'n konsessie.
- Bespreek hoe die aanbieder die volgende visuele hulpmiddels moet voorberei:
 - Transparante
 - Uitdeelstukke
 - Plakkate
- Beveel aan Phumlo die stappe om te volg wanneer hy 'n verslag aan die raad van direkteure skryf.

[40]

VRAAG 6: BESIGHEIDSROLLE (STRES, KRISISBESTUUR EN KREATIEWE DENKE)

Queen Hoender Kos (QHK) is 'n hoenderprodusent wat 50 werknemers in diens neem. Werknemers werk nagskof en geen vervoer of beskermingstoerusting word aan hulle verskaf nie. Sommige werknemers het bedank en ander het verlof geneem as gevolg van stres. QHK gebruik kreatiewe denke om die besigheidskrisis aan te spreek om hul besigheidsprobleme op te los.

Hou die scenario hierbo in gedagte en skryf 'n opstel waarby jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die oorsake van stres in die besigheidsomgewing.
- Verduidelik die voordele van die gebruik van kreatiewe denke in die werkplek.
- Bespreek die belangrikheid van die hantering van stres in die werkplek.
- Stel maniere voor waarop besighede krisisse in die werkplek kan hanteer.

[40]

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR CERTIFIKAAT**

GRAAD 11

NOVEMBER 2020

**BESIGHEIDSTUDIES V2
NASIENRIGLYN
(EKSEMPLAAR)**

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 32 bladsye.

NOTAS AAN NASIENERS**INLEIDING**

Die notas aan nasieners word voorsien vir gehalteversekeringsdoeleindes om die volgende te verseker:

- (a) Regverdigheid, konsekwentheid en betroubaarheid in die standaard van nasien
- (b) Fasiliteer die moderering van kandidate se skrifte op verskillende vlakke
- (c) Vereenvoudig die nasienproses met inagneming van die breë spektrum nasieners oor die hele land
- (d) Implementeer toepaslike maatreëls in die onderrig, leer en assessering van die vak by skole/onderwysinstellings

1. Kandidate se antwoorde vir AFDELING B en C moet in volsinne wees. Dit sal egter van die aard van die vraag afhang.
2. Omvattende nasienriglyn word voorsien, maar dit is geensins volledig nie. Behoorlike oorweging moet gegee word aan 'n antwoord wat korrek is, maar:
 - 'n Ander uitdrukking gebruik as wat in die nasienriglyn gegee word
 - Uit 'n ander betroubare bron kom
 - Oorspronklik is
 - 'n Ander benadering gebruik

LET WEL: Daar is slegs EEN korrekte antwoord in AFDELING A.

3. Neem kennis van ander verwante antwoorde wat deur kandidate verskaf word en ken punte dienooreenkomstig toe. (In die geval waar die antwoord onduidelik is of 'n mate van begrip aandui, moet deelpunte toegeken word, byvoorbeeld een punt in plaas van die maksimum van twee punte.)
4. Die woord 'Submaks.' word gebruik om die toekenning van punte binne 'n vraag of subvraag te vergemaklik.
5. Die doel daarvan om punte aan die regterkant te omkring (gelei deur 'maks.' in die uiteensetting van die punte) is om konsekwentheid en akkuraatheid te verseker met die nasien van die skrifte en modereringsproses.
6. Subtotale van vrae moet in die regterkantlyn geskryf word. Omkring die subtotale, soos aangedui by die toekenning van punte. Dit moet deur 'maks.' in die nasienriglyn van punte gelei word. Slegs die totaal vir elke antwoord moet in die linkerkantlyn langs die toepaslike vraagnommer verskyn.
7. In 'n indirekte vraag moet die teorie en die antwoorde relevant en met die vraag verband hou.

8. Korrekte nommering van antwoorde van vrae of subvrae in AFDELING A en B word sterk aanbeveel. Indien die nommering verkeerd is, volg die volgorde van die kandidaat se antwoorde. Kandidate sal gepeenaliseer word, indien laasgenoemde nie duidelik is nie.
9. Geen addisionele krediet moet vir die herhaling van feite gegee word nie. Dui aan met 'n 'H' of 'R'.
10. Die verskil tussen 'evalueer' en 'kritiese evaluering' kan soos volg verduidelik word:
 - 10.1 Wanneer 'evalueer' gevra word, word daar van kandidate verwag om te antwoord op óf 'n positiewe/negatiewe manier óf om 'n neutrale (positiewe en negatiewe) standpunt in te neem, bv. **Positief:** 'COIDA verminder tyd en koste wat spandeer word ✓ op lang siviele hofgedinge.' ✓
 - 10.2 Wanneer 'kritiese evaluering' gevra word, word daar van kandidate verwag om te antwoord op óf 'n positiewe/negatiewe manier óf om 'n neutrale (positiewe en negatiewe) standpunt in te neem. In hierdie geval word van kandidate ook verder verwag om hulle antwoorde te ondersteun met dieper insig, bv. 'COIDA verminder tyd en koste ✓ wat spandeer word op lang siviele hofgedinge, ✓ want die werkgewer sal nie verantwoordelik wees om vergoeding aan die werknemer te betaal as beserings opgedoen is tydens werksure nie, solank as wat die besigheid kan bewys dat hy nie agterlosig was nie.' ✓
- LET WEL:**
 1. Bogenoemde kan ook van toepassing wees op 'analiseer'.
 2. Let op die plasing van die merkie (✓) in die toekenning van punte.
11. Die toekenning van punte moet gelei word deur die aard van die vraag, kognitiewe werkwoord wat gebruik is, punttoekenning in die nasienriglyn en die konteks van elke vraag. Kognitiewe werkwoorde, soos:
 - 11.1 Adviseer, noem, beskryf in breë trekke, motiveer, aanbeveel, stel voor, (*lys nie volledig nie*) vereis gewoonlik nie veel diepte in kandidate se antwoorde nie. Die uiteensetting van punte vir elke stelling/antwoord sal dus aan die einde daarvan verskyn.
 - 11.2 Definieer, beskryf, verduidelik, bespreek, brei uit, onderskei/toon verskille, differensieer, vergelyk, tabuleer, ontwerp, analiseer, evalueer, evalueer krities (*lys nie volledig nie*) vereis meer diepgaande begrip, toepassing en beredenering. Die punte moet dus meer objektief toegeken word om te verseker dat assessering volgens die vasgestelde norme geskied, sodat eenvormigheid, konsekwentheid en regverdigheid behaal kan word.

12. Merk slegs die EERSTE antwoord waar kandidate meer as een antwoord in AFDELING B en C gee waar slegs een antwoord gevra word.

13. **AFDELING B**

- 13.1 Indien, byvoorbeeld, VYF feite vereis word, sien die kandidaat se EERSTE VYF antwoorde na en ignoreer die res van die antwoorde. Dui dit aan deur 'n lyn deur die nie-nagesiende gedeelte te trek of gebruik die woord 'Kanselleer'.

LET WEL: Dit is slegs van toepassing waar die getal feite gespesifiseer word.

- 13.2 Indien twee feite in een sin geskryf word, gee VOLLE krediet aan die kandidaat. Punt 13.1 geld steeds.

- 13.3 Indien daar van kandidate verwag word om hulle eie voorbeelde/ menings te gee, beredeneer dit ten einde die alternatiewe antwoorde te finaliseer.

13.4 **Gebruik van kognitiewe werkwoorde en toekenning van punte:**

- 13.4.1 Waar die getal feite gespesifiseer word, vrae wat vereis dat kandidate moet 'beskryf/bespreek/verduidelik', kan dit soos volg nagesien word:

- Feit 2 punte (of soos aangedui in die nasienriglyn)
- Verduideliking 1 punt (twee punte sal in Afdeling C toegeken word)

Die 'feit' en 'verduideliking' word apart in die nasienriglyn gegee om die toekenning van punte te vergemaklik.

- 13.4.2 Indien die getal feite nie gespesifiseer word nie, moet punttoekenning gelei word deur die aard van die vraag en die maksimum punte in die nasienriglyn toegeken.

- 13.5 **EEN punt kan toegeken word vir antwoorde wat maklik is om te herroep, wat een woord as antwoord vereis of wat direk aangehaal word uit 'n scenario/gevallestudie. Dit is spesifiek van toepassing op AFDELING B EN C (waar van toepassing).**

14. AFDELING C

14.1 Die punte-uiteensetting vir die opsteltipe vrae is soos volg:

Inleiding	Maksimum: 32
Inhoud	
Gevolgtrekking	
Insig	8
TOTAAL	40

14.2 Insig bestaan uit die volgende komponente:

Struktuur/Uitleg	Is daar 'n inleiding, inhoud en 'n gevolgtrekking?	2
Ontleding en vertolking	Is die kandidaat in staat om die vraag in opskrifte/sub-opskrifte te ontleed/korrek te interpreteer sodat begrip van wat gevra word, getoon word? Punte toegeken volgens die gids hieronder: Alle opskrifte aangespreek: 1 (Een 'A') Interpretasie (16 tot 32 punte): 1 (Een 'A')	2
Sintese	Is daar relevante besluite/feite/antwoorde gemaak wat op die vrae gebaseer is? Punte toegeken volgens die gids hieronder: Geen relevante feite: 0 (Twee '-S') 'n Paar relevante feite: 1 (Een '-S') Slegs relevante feite: 2 (Geen '-S') Opsie 1: Waar 'n kandidaat 50% of meer van die vraag met slegs relevante feite beantwoord het, verskyn geen '-S' in die linkerkantlyn nie. Ken die maksimum van TWEE (2) punte vir sintese toe. Opsie 2: Waar 'n kandidaat minder as 50% van die vraag met slegs OF 'n paar relevante feite beantwoord het, verskyn een '-S' in die linkerkantlyn. Ken 'n maksimum van EEN (1) punt vir sintese toe. Opsie 3: Waar 'n kandidaat minder as 50% van die vraag met geen relevante feite beantwoord het, verskyn twee '-S' in die linkerkantlyn. Ken 'n NULPUNT toe vir sintese.	2
Oorspronklikheid	Is daar bewyse van voorbeelde gebaseer op aktuele inligting, huidige neigings en ontwikkelings?	2
TOTAAL VIR INSIG:		8
TOTALE PUNTE VIR FEITE:		32
TOTALE PUNTE VIR OPSTEL (8 + 32):		40

LET WEL:

1. **Geen punte sal toegeken word vir inhoud wat herhaal word uit die inleiding en gevolgtrekking nie.**
 2. **Die kandidaat verbeur punte vir uitleg indien die woorde INLEIDING en GEVOLGTREKKING nie voorkom nie.**
 3. **Geen punte sal toegeken word vir uitleg as die opskrifte INLEIDING en GEVOLGTREKKING/SLOT nie deur 'n verduideliking ondersteun word nie.**
- 14.3 Dui insig in die linkerkantse kantlyn aan met 'n simbool, bv. ('S, A, -S en/of O').
- 14.4 Die komponente van insig word aan die einde van die voorgestelde antwoord/nasienriglyn vir elke vraag aangedui.
- 14.5 Sien alle relevante feite na totdat die SUBMAKS/MAKS punte vir elke onderafdeling behaal is. Skryf 'SUBMAKS'/'MAKS' nadat maksimum punte behaal is, maar lees verder vir oorspronklikheid "O".
- 14.6 Aan die einde van elke opstel, dui die toekenning van punte vir feite en punte vir insig soos volg aan: (S – Struktuur, A – Ontleding, S – Sintese, O – Oorspronklikheid) soos in die tabel hieronder aangedui.

INHOUD	PUNTE
Feite	32 (maks.)
S	2
A	2
S	2
O	2
TOTAAL	40

- 14.7 Wanneer punte vir feite toegeken word, neem kennis van die submaksimum wat aangedui word, veral as kandidate nie dieselfde subopskrifte gebruik nie. Onthou opskrifte en subopskrifte word aangemoedig en dra by tot insig (struktuur/logiese vloei/volgorde) en dui duidelikheid van denke aan. (Sien PUNTE-UIEENSETTING aan die einde van elke vraag.)
- 14.8 Indien die kandidaat die vraag VERKEERD identifiseer/vertolk, kry hy/sy steeds punte vir uitleg/struktuur.
- 14.9 Indien 'n ander benadering deur kandidate gebruik word, maak seker dat antwoorde geassesseer word in ooreenstemming met die puntetoekenning/subopskrifte soos in die nasienriglyne aangedui.

- 14.10 14.10.1 Ken TWEE punte toe vir volledige sinne. Ken EEN punt toe vir frases/sinsdele, onvoltooide sinne en vae antwoorde.
- 14.10.2 Met ingang November 2015, sal die TWEE punte nie noodwendig aan die einde van elke voltooide sin getoon word nie. Punte (✓) sal geskei wees en langs elke feit aangedui word, bv. 'Produkontwikkeling is 'n groeistrategie, ✓ waar ondernemings poog om nuwe produkte in bestaande markte bekend te stel.' ✓
Dit sal deur die aard en konteks van die vraag, sowel as die kognitiewe werkwoord wat gebruik is, gelei word.
- 14.11 Met ingang November 2017, sal die maksimum van TWEE (2) punte vir feite in die nasienriglyne as opskrifte getoon, nie noodwendig vir elke vraag geld nie. Dit sal deur die aard van die vraag bepaal word.

AFDELING A**VRAAG 1**

1.1	1.1.1	D √√		
	1.1.2	A √√		
	1.1.3	C √√		
	1.1.4	B √√		
	1.1.5	B √√	(5 x 2)	(10)
1.2	1.2.1	aksieplan √√		
	1.2.2	beperkte √√		
	1.2.3	regstellende aksie √√		
	1.2.4	goeie √√		
	1.2.5	probleemoplossing √√	(5 x 2)	(10)
1.3	1.3.1	H √√		
	1.3.2	G √√		
	1.3.3	J √√		
	1.3.4	I √√		
	1.3.5	A √√	(5 x 2)	(10)

TOTAAL AFDELING A: 30**UITEENSETTING VAN PUNTE**

VRAAG 1	PUNTE
1.1	10
1.2	10
1.3	10
TOTAAL	30

AFDELING B

Sien SLEGS die EERSTE TWEE antwoorde na.

VRAAG 2: BESIGHEIDSGELEENTHEDE**2.1. Bronne van finansiering**

- Eienaarskapitaal/eie kapitaal ✓
- Skuld/geleende kapitaal ✓
- Toekennings van regering/Nie-regeringsorganisasies ✓
- Skuldbriewe ✓
- Bruikhuur/Afbetalingsverkoopoooreenkomste ✓
- Oortrokke bankrekening ✓
- Handelskrediet ✓
- Waagkapitaal ✓
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die bronne van finansiering.

LET WEL: Sien slegs die eerste DRIE (3) na.

(3 x 1) (3)

2.2 Stappe om te volg wanneer 'n aksieplan opgetrek word

- Opsomming van visie, missie, doelwitte en doelstellings ✓✓
- Werkonderverdelingstrukture ✓✓
- Aksie staptabel ✓✓
- Tydlyne wat teikens en spertye aandui ✓✓
- Gantt-grafieke ✓✓

LET WEL: 1. Sien slegs die eerste DRIE (3) na.
2. Aanvaar die stappe in enige orde.

Maks. (6)

2.3 Ondernemingsvorme

2.3.1 Maatskappy met persoonlike aanspreeklikheid ✓✓ (2)

Motivering

Kamelisa Geïnkorporeer / Geïnk.✓ (1)

Maks. (3)

2.3.2 Publieke maatskappy ✓✓ (2)

2.3.3 Verskille tussen maatskappy met persoonlike aanspreeklikheid en publieke maatskappy

MAATSKAPPY MET PERSOONLIKE AANSPREEKLIKHEID	PUBLIEKE MAATSKAPPY
- Mag nie aandele ✓ aan die algemene publiek aanbied nie. ✓ - Aandele is nie ✓ vryelik verhandelbaar nie. ✓ - Ten minste een direkteur. ✓ - Die naam moet eindig ✓ met die word 'Geïnk'. ✓✓ - Jaarlikse finansiële state hoef nie geoudit ✓ en gepubliseer word nie. ✓ - Hoef nie 'n prospektus te publiseer nie ✓ omdat dit nie aandele aan die publiek kan verkoop nie. ✓ - Die maatskappy hoef nie die minimumsubskripsie ✓ in te samel nie/minimum aandele uit te reik nie. ✓ - Enige ander relevante antwoord wat verband hou met 'n maatskappy met persoonlike aanspreeklikheid.	- Verkoop aandele aan die publiek ✓ op die Johannesburgse Sekuriteitebeurs/JBE. ✓ - Aandele is vryelik ✓ verhandelbaar. ✓ - Ten minste drie direkteure. ✓ - Naam moet eindig ✓ met Beperk/Bpk. ✓ - Jaarlikse finansiële state moet geoudit ✓ en gepubliseer word. ✓ - Moet 'n prospektus registreer en publiseer ✓ by Maatskappye se Intellektuele Eiendoms-registrasie-kantoor/ 'CIPRO'. ✓ - Moet eers die minimumsubskripsie uitreik, ✓ voordat maatskappy met sake kan begin. ✓ - Enige ander relevante antwoord wat verband hou met 'n publieke maatskappy.
Sub-maks. (4)	Sub-maks. (4)

- LET WEL:**
1. Die antwoorde hoef nie in tabelformaat te wees nie.
 2. Die verskille hoef nie gekoppel te wees nie, maar moet duidelik wees.
Ken 'n maksimum van **VIER (4)** punte toe as die verskille nie duidelik is nie/Sien of maatskappy met persoonlike aanspreeklikheid of publieke maatskappy na.

Maks. (8)

2.4 Redes waarom 'n entrepreneur mag besluit om 'n bestaande besigheid te koop

- Makliker om befondsing te bekom ✓ indien die besigheid 'n goeie geskiedenis/beeld het. ✓
- Daar is onmiddelik kontantvloei ✓ omdat daar reeds gevestigde klante is. ✓
- Marknavorsing is alreeds gedoen ✓ en daar is 'n bestaande klantebasis. ✓
- Daar is bestaande reëlins ✓ vir verspreiding van voorraad en personeel/gevestigde netwerke/ervare personeel. ✓
- Die mark vir besigheidsprodukte of dienste ✓ is alreeds tot stand. ✓
- Bestaande werknemers en bestuurders het ondervinding ✓ wat hulle van deel. ✓
- Baie besigheidsprobleme ✓ is alreeds opgelos. ✓
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die redes waarom 'n entrepreneur mag besluit om 'n bestaande besigheid te koop.

Maks. (6)

2.5 Faktore wat oorweeg moet word voor die begin van die besigheid

FAKTORE 2.5.1	VERBETERINGE 2.5.2
Kliëntediens ✓	- Deurlopende pogings om kliënte te vrede te stel. ✓ - Aanbieding van afslag/promosies. ✓ - Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die verbetering van kliëntediens as 'n faktor wat oorweeg moet word voor die begin van 'n besigheid.
Kostes te sny ✓	- Uitskakeling van onnodige vermorsing en uitgawes. ✓ - Huur opgeleide en gekwalifiseerde werknemers. ✓ - Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die verbetering van 'kostes te sny' as 'n faktor wat oorweeg moet word voor die begin van 'n besigheid.
Sub-maks. (2)	Sub-maks. (2)

- LET WEL:**
1. Sien slegs die eerste TWEE (2) faktore na.
 2. Ken punte toe vir die faktor al is die verbetering onvolledig/verkeerd.
 3. Sien slegs die eerste verbetering van ELKE faktor na.

Maks. (4)

2.6 Faktore wat oorweeg moet word ter voorbereiding van 'n aanbieding

- Ken jou gehoor en hoe om met hul die beste te kommunikeer. √√
- Gebruik eenvoudige taal met duidelike en kort sinne. √√
- Duidelike doel/doelstellings en hoofpunte van die aanbieding. √√
- Gebruik visuele hulpmiddels/grafiese beelde wat die inligting sal konsolideer. √√
- Aanbieding moet 'n inleiding, hoofinhoud en gevolgtrekking/slot insluit. √√
- Proeflees die verslag om te verseker dat dit sonder foute is. √√
- Gebruik helder kleure om sigbaarheid te verhoog en die gehoor se aandag te trek. √√
- Struktureer inligting in 'n logiese volgorde en gebruik puntsgewysde feite. √√
- Gebruik 'n leesbare lettertipe en -grootte. √√
- Kies 'n geskikte agtergrond sodat die teks maklik gelees kan word. √√
- Voeg spesiale effekte en innoverings by om 'n ander gevoel by die gehoor te skep bv. klank/animasie. √√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die faktore wat die aanbieder moet oorweeg ter voorbereiding van 'n aanbieding.

Maks. (8)**UITEENSETTING VAN PUNTE**

VRAAG 2	PUNTE
2.1	3
2.2	6
2.3.1	3
2.3.2	2
2.3.3	8
2.4	6
2.5	4
2.6	8
TOTAAL	40

VRAAG 3: BESIGHEIDSROLLE**3.1 Oorsake van konflik**

- Gebrek aan kommunikasie tussen leiers en lede ✓
- Verskille in agtergrond/kulture/waardes/geloof/taal ✓
- Beperkte besigheidshulpbronne ✓
- Verskillende doelwitte/doelstellings vir die groep/individue ✓
- Persoonlikheidsverskille tussen groep/individue ✓
- Verskillende opinies ✓
- Onbillike werkslading ✓
- Stres wat nie goed bestuur word nie ✓
- Onrealistiese verwagtinge ✓
- Swak organisering/leierskap/administratiewe prosedures en stelsels ✓
- Verwarring rondom skedulering/spertye ✓
- Ignorering van reëls/prosedures ✓
- Wangedrag/Onaanvaarbare gedrag ✓
- Hoë/Intens mededinging/Wedywering ✓
- Onduidelike verantwoordelikhede ✓
- Verwarring met persoonlike doelwitte ✓
- Konstante veranderinge in die werkplek ✓
- Onbillike behandeling van werkers/Begunstiging deur bestuur/Diskriminasie ✓
- Gebrek aan vertrouwe tussen werkers ✓
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met oorsake van konflik in die werkplek.

LET WEL: Sien slegs die eerste VIER (4) oorsake van konflik na.

(4 x 1)

(4)

3.2 Eksterne oorsake van verandering in die werkplek

- Politieke faktore, bv. regeringsbeleide en internasionale handelsbetrekkinge. ✓✓
- Sosiale faktore, bv. armoede en werkloosheid, MIV/Vigs. ✓✓
- Ekonomiese faktore, bv. verlaging/verhoging in die rentekoers/inflasiekoers. ✓✓
- Wetlike faktore, bv. verandering in die wet/aanvaarding van nuwe wette. ✓✓
- Tegnologiese faktore, vooruitgang in produksietegnieke en IKT rewolusie. ✓✓
- Markkragte, bv. nuwe besighede wat die mark betree/bekendstelling van nuwe produk/verandering in pryse. ✓✓
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met eksterne oorsake van verandering in die werkplek.

LET WEL: Sien slegs die eerste TWEE (2) na.

Maks. (4)

3.3 Stadiums van spanontwikkeling

3.3.1 Bestorming ✓✓ (2)

Motivering

Gedurende die vergaderingsessies bevraagteken die spanlede mekaar se idees en menings. ✓

(1)

Maks. (3)

3.3.2 Ander stadiums van spanontwikkeling

Vorming √√

- Individue versamel inligting/indrukke in oor mekaar √ en die omvang van die taak en hoe om dit te benader. √
- Dit is 'n gemaklik stadium √ om in te wees omdat die werk nog nie begin het nie. √
- Individue fokus daarop om met roetine-take besig te wees, √ soos span-organisering/wie doen wat/wanneer vergader gaan word, √ ens.
- Individue word gemotiveer deur die begeerte √ om deur mede-spanlede aanvaar te word. √
- Spanlede kan bepaal hoe elkeen, as 'n individue, √ onder druk sal reageer. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met vorming as 'n stadium van spanontwikkeling.

Stadium (2)

Verduideliking (2)

